

TAFELDRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Die laaste twee maande is gekenmerk deur aanhoudende probleme in die Kaapse hawe, grootliks veroorsaak deur windspoed wat vir baie ure die spoed oorskry het waar die toerusting veilig kon werk. Verdragings was dus aan die orde van die dag, waarvan die ergste seker met die Santa Cruz was. Die skip het 'n volle twee weke geneem om te laai, 'n proses wat onder goeie omstandighede een tot drie dae moes duur. Boonop het skepe die Kaap verbygegaan wat veroorsaak het dat van die duiwe lank voor dit al in die koelkamers was, gereed om te laai. Van die duiwe was, nadat dit klaar op die Santa Cruz gelaai is, alreeds vier weke oud. Nie ideale omstandighede vir 'n bederfbare produk nie.

Daar is ook van die hawe in Gqeberha gebruikgemaak, dikwels teen hoër kostes. Dit is gedoen om die risiko te versprei en seker te maak 'n deel van die vrugte word wel intyds gelaai. Durban is ook meer gebruik (Sapex het dit beperk gedoen), met die gevolg dat heelwat duiwe na die Midde-Ooste gestuur is wat daardie mark beslis beïnvloed het.

Die pakseisoen is voorts gekenmerk deur baie reën in die Mpumalanga en Limpopo areas. Dit het 'n groot invloed gehad op die kondisie van duiwe in die area. Deerteenoor het die Oranjerivier en Weskaap tot op hede baie gunstige paktoestande gehad, gekenmerk deur baie min reën. Die eerste wesenlike reën het die afgelope week in die Weskaap uitgesak en ook net in sekere dele. Temperature was egter effens hoër as normaal, veral in die Weskaap. Watter invloed dit op die kondisie van die gepakte duiwe gaan hê sal ons nog moet sien.

Wat wel tans baie duidelik in die Weskaap is, is dat daar nie 'n normale ryppword- en pakpatroon is nie. Kultivars word deurmekaar ryp en daar is groot oorvleueling wat baie druk op die pakstore (en die hawe) gaan plaas. Die volgende twee tot drie weke gaan krities wees om sekere kultivars betyds gepak te kry voor dit oorryp raak.

Marktoestande EU en VK

Week 3 kan gesien word as 'n uiters belangrike week in die groter konteks van ons Suid-Afrikaanse seisoen. Nie net vir die blote aankoms van groter volumes in die Europese mark nie, maar ook vir die kwaliteit en kondisie van die genoemde aankomsvolumes.

Tot op hede het ons kliënte relatiewe lae voorraadvlakke en billike aanvraag na duiwe beleef, met pryse wat konstante vlakke gehandhaaf het. Dit sal waarskynlik nou verander met die aankoms van groter skepe wat meer Suid-Afrikaanse volumes dra. In week 3 het die One Responsibility, Santa Cruz en die MSC Tema aangekom. Kwaliteit op die One Responsibility was oorwegend goed, maar is wisselvallig op die Santa Cruz.

Weens die volumes sal pryse nou waarskynlik afwaarts aangepas moet word om die vrugte te skuif. Weens die huidige koue-toestande is verkope ook nie heeltemal wat dit moet wees nie. Die prys-aanpassing sal onderhewig wees aan die volumes die volgende week of twee, kondisie van die vrugte op aankoms en, waar nodig, die herverpakkingskapasiteit wat beskikbaar is by ons kliënte.

SAPEX behou die posisie om ons uitlaaie te diversifiseer deur om Port Elizabeth "The Windy City", ironies genoeg, as 'n alternatiewe hawe te gebruik as gevolg van aanhoudende winde in Kaapstad. Ons het begrip vir die gepaardgaande koste van die bykomende logistieke been, maar beskou dit steeds as noodsaaklikheid om te verseker dat die vrugte binne 'n geskikte tyd in die mark aankom.

As ons na die Nasionale Volumes (Innames teenoor Uitvoer) kyk, sien ons deurlopend 'n wanbalans in terme van volumes wat verpak is teenoor volume wat reeds verskeep is.

INSPEKSIE VOLUME:

- 2025/2026 - **38 647 940** (4.5kg ekwivalente)
- 2024/2025 - **32 357 573** (4.5kg ekwivalente)

19% toename jaar-op-jaar

UITVOER VOLUME:

- 2025/2026 - **20 254 758** (uitvoer kartonne)
- 2024/2025 - **25 039 661** (uitvoer kartonne)

19% afname jaar-op-jaar

Uitvoervolumes in Week 2 as 'n persentasie van geïnspekteerde volumes:

- 2025/2026 - 52%
- 2024/2025 - 75%

23% afname jaar-op-jaar

***Bron: SATI: PPECB Weekly Inspection Data**

Ons as bemerkings-span het dit goed gedink om addisionele oë en ore in Europa te hê tydens hierdie bedrywige aankomsterperiode. Kobus Louw besoek tans al ons kliënte by hul koelkamers om die huidige stand van aankomstes te evalueer. Hy kon al die druiwe op die One Responsibility sien en sal waarskynlik teen komende Dinsdag 75% van alles wat op die Santa Cruz was te siene gekry het. Elke houer wat op aankoms as 'n kwaliteitsafwyking gemerk is, word opgevolg en deurgaans tussen die kliënt en SAPEX gekommunikeer.

Ons wil beklemtoon dat die huidige seisoen een is om binne die betroubare Supermark kanale te wees vir maksimum stabiliteit. Terselfde tyd is daar ook 'n niche-mark op XL/XXL los-verpakking vir druiwe wat beskou word as 'n nuwe en/of gevraagde kultivar. Hier verwys ons na kultivars soos Sweet Globe, Autumn Crisp, Sweet Celebration, asook Sweet Joy en Adora.

Marktoestande Midde Ooste

Die Midde Ooste mark bly steeds onder groot druk met swak kwaliteit aankomstes wat die verkope stadig en moeilik maak. Daar is steeds 'n groot aanvraag na wit pitloose druiwe in die mark en dit word tans rondom \$9.50 FOB vir 'n 4.5kg aangekoop uit Suid-Afrika. Redglobe is ook 'n voorkeur kultivar in die mark en daar word groot volumes gestuur, waarvan redelik baie op 'n consignment basis is, en pryse van \$8.00 FOB word genoem vir 'n 4.5kg karton. Sapex het dus baie minder van die beskikbare Redglobe na die mark gestuur en het eerder gefokus op ander vaste prys markte.

Marktoestande Ooste (SEA)

Druive wat tot en met Week 2 verpak is en in week 2/3 verskeep kon word na die Ooste, sal net voor Chinese Nuwe Jaar (CNY) daar aankom vir verkope. Alle druive wat later gepak en verskeep gaan word sal vir verkope na CNY wees.

Alhoewel Suid-Afrika tot op hede klaarblyklik minder druive verskeep het na Suid-Oos Asië (-3%), het ons as Sapex tans baie meer verskeep na SEA as verlede jaar. Die regte kultivars en korrelgrootte was beskikbaar en ons het 'n groot poging aangewend om die tradisionele goeie verkope voor CNY te benut. Met die uitdagings in die Kaapse hawe en minder vrugte wat betyds na die VK en EU verskeep kon word, was dit vir ons 'n prioriteit om die SEA mark beter te benut.

Oor die algemeen is die vraag redelik goed in Maleisië en Singapore en kan Sapex ons kliënte diens met redelike goeie pryse. Die mark in Viëtnam is egter tans baie onseker. Die CIF pryse wissel tussen \$15.50 en \$13.50 na gelang van die kultivar en korrelgrootte.

Ons is tans besig met die verpakking van Sweet Globe, Sweet Joy en Sweet Celebration na dié markte – hoofsaaklik in die 500g punnet verpakking. Ons ervaar dat die korrelgrootte vanjaar nie vir ons orals die XXL korrels gee nie. Gevolglik word daar tans baie minder 4.5 kg los verpakking gedoen. Met minder XXL op die vroeë kultivars word daar ook minder lugvrag gedoen.

Ons beplan om reeds in week 5 met Autumn Crisp te begin, wat ons ook hopelik in terme van korrelgrootte die geleentheid sal gee om lugvrag te doen.

Soos wat ons angstig wag om te sien wat die EU mark gaan doen met die groter hoeveelhede, veral wit druive, wat die volgende twee weke in dié mark aankom, wag ons ook om te sien hoe die Oosterse mark gaan reageer na CNY. Ons is egter optimisties - pryse mag effens daal maar ons dink dat die mark die hoeveelhede sal kan hanteer want Peru en Indië het tans minder vrugte in die mark en die ouer Chinese vrugte is meestal verkoop.

Die twee helfte van die seisoen lê nou voor!

Groete.

Sapex Span.